



September 2017

Welkom	1
Veranderinge	1
Foo struktuur	2
Nuwe dinge	2

OEFENKAMP BEGIN WEER

1-5 JANUARIE

OM 14:00 by
MONUMENTPARK
LAERSKOOL VIR
LAERSKOOL

En

OM 16:00 by
WATERKLOOF VIR
HOËRSKOOL

R350

HALLO

Ek kan nogal baie skryf maar ek sal nie hierdie keer nie. Ek kan voel aan my lyf dat ek rus kort en dat die jaar lank geword het. Ek vermoed dit wat my die meeste vang is administratiewe werk baie meer as die afrigting self. Ek wil julle dus nie ook julle belas met admin en lees werk nie. Net 'n paar dinge:

VERANDERINGE BY MY

Ek en Juné trou die 14de Desember. Dit is nou die grootse verandering by my en een waarna ek uitgesien het. Dankie vir almal se boodskappe en die geskenke hier en daar. Julle is te gaaf.

Verder is daar ook verandering in my werk situasie. Ek is nie meer in 'n jeugwerkposisie by Laerskool Monumentpark of NG Elarduspark nie. My tyd daar het gekom en gegaan. Dit gesê, is my aandag nou net by Willebeer Atletiek Klub en BEARone en die uitbreiding van elk.

Ek het nooit verwag dat dit so groot gaan word nie alhoewel ek dit verwelkom. Dit is verseker my passie en my bediening op dieselfde plek.

Ek gaan nou meer aandag aan die bestuur van die Klub gee en hopelik meer kan afrig ook.

Wat is BEARone?

<http://www.willebeer.co.za/content/bearone>



FOOI STRUKTUUR

Ek beoog om die fooi struktuur na 'n maandelikse fooi te verander. Dit maak die boekhouding en rekeninge baie makliker vir almal en haal ook druk van die afrigters af om presensie te moet hou. Ek het rondgevaar by ander sportklubs en dit is oralsoos die standaard. 'n Ander motivering hiervoor is dat hier en daar klublede is wat kans vat met rekeninge. Baie kinders kom oefen maar die rekeninge word nie gediens nie. Daar is ongeveer R15 585 klub gelde (oor 'n drie maande tydperk) tans uitstaande.

Ek besef dit is nuut en bring nuwe uitdagings. Daarom sal ons deur 'n oorgangstydperk gaan. Tussen Januarie en Julie sal julle 'n keuse hê of om die maandelikse klubfooie te betaal of om nog te bly soos dit tans is. **Van Augustus af skakel ons ten volle oor na klubfooie per maand betaalbaar aan die begin van die maand.**

Vir dié wat wil bly op soos dit tans is: Julle sal steeds die rekening ontvang alhoewel ek die maandelikse fooie gaan opdateer. Ek het nie in 2017 'n fooi aanpassing gemaak nie en gebly by 2016 se fooie.

Ek sal beide die klubfooie en daaglikse fooie bepaal na die vakansie en in Januarie bekend maak. Ek moet dit ook bespreek met die Diana ons boekhouer.

Die implikasie is dat die klub (en sy personeel) vooraf betaal word vir die diens en nie aan die einde van die maand nie.

Die oogmerk is om personeel van die klub vir hulle *commitment* regverdig te vergoed en op tyd.

NUWE DINGE

Die klub is besig om baie te groei en dit is met groot opwinding wat ek die volgende deel:

- Ons gaan nuwe afrigters by kry in 2018.
- Ons beoog om Tweekamp deel van die klub se fokus punte te maak. Dink solank hieroor en lees hier as julle wonder:

<http://www.gnbiathlon.com/>

<http://www.gnbiathlon.com/events.php>



Seënwense

Baie dankie vir julle tyd en dat julle gelees het. Ek wil vra dat ons nie tydens kersfees en nuwe jaar die groep besig hou met boodskappe en fotos nie. Ek wil nie hê dat julle moeg vir mekaar moet wees as 2018 begin nie. Dus soos elke jaar vra ek asb vir *radio silence* op ons groepe om almal 'n ruskans te gee. As julle baie graag iemand wil boodskap stuur 'n persoonlike boodskap.

Dus van my kant af mag julle 'n geseënde Christusfees beleef saam geliefdes en 'n fantastiese ou-jaarsaand hê. Ek sien julle weer in die nuwe jaar.

SEËNGROETE, COACH WILLEBEER